## Die onkruid tussen die koring

**101**(Die Meester:) "Gewis sal die aarde opnuut bebou word, gewis sal die suiwerste saad in die vars vore gestrooi word, en wagters sal die landerye bewaak - maar tog sien Ek reeds baie onkruid tussen die nuwe koring! Hoe kom dit tussen die koring?

[2] Ja, kyk, dit is `n fout van die wagters! Hulle het aan die slaap geraak toe die nag kom, want hulle het gedink: 'Wie sal dit waag om in te kom as ons die landerye rondom omring?!'

[3] Maar toe hulle slaap, sluip die vyand na die lande, en strooi vinnig sy onkruid op die akker.

[4] En toe die wagters die môre merk dat tussen die koring ook baie onkruid opgekom het, gaan hulle natuurlik vinnig na die Meester en sê: 'Meester! Die suiwer koring wat U aan ons gegee het, het ons in die eweneens suiwer grond gesaai en ons bewaak die pragtige landerye goed, maar wat baat dit alles?! Nou het die vyand tog heimlik gekom sonder dat ons dit merk, en hy het baie onkruid tussen die koring gestrooi! Dit kom nou al orals in oormaat op! Moet ons dit uitroei of laat groei?'

[5] Wat sal die Meester hulle dan antwoord? Ek sê vir julle dat Hy die volgende sal sê: 'Omdat julle nie wakker gebly het gedurende die nag nie, wat vir elke mens `n lewenstoets is, was dit vir die vors van die duisternis immers baie maklik om sy onkruid tussen My koring te saai! Maar laat beide nou groei tot aan die tyd van die nuwe oes; dan sal ons aan die maaiers sê: 'Versamel eers die koring en bring dit in my skure, en versamel daarna ook die onkruid en bind dit in bondels, en maak `n vuur en verbrand alle onkruid-bondels sodat die saad daarvan nie opnuut in die grond kom en dit verontreinig nie.'

[6] In julle hart vra julle jul nou naarstiglik af: 'Hoe is dit dan nou so, hoe gebeur dit, hoe moet mens dit verstaan ?'

[7] En Ek sê vir julle dat dit heel maklik is om te verstaan. Die landerye stel die harte van die mense van hierdie aarde voor; **die suiwer koring is My leer**; die ploeër en saaier is nou Ek Self, en julle saam met My. **Die aangestelde bewakers is ook julle self en diegene wat julle in My Naam sal aanneem**. Die Meester is Ek, en My skure is die hemele. Maar die vyand is Satan en sy onkruid is die slegte wêreld met al sy bose en dodelike begeertes. Die nuut-aangenome maaiers is die bodes wat Ek ter gelegener tyd opnuut uit die hemele sal opwek en sal stuur om die koring te versamel en al die bose onkruid te verbrand, sodat dit voortaan die landerye en die koring nie so maklik meer sal verontreinig nie. - Nou sal julle die korrekte bete-kenis van dié beeld tog sekerlik verstaan?

[8] 'Ja,' sê julle, `nou verstaan ons dit goed! Maar U, o Meester, sou met U almag en alwysheid voortaan tog maklik kon voorkom dat die vyand kom en sy bose saad tussen die suiwer koring strooi, ook as ons soms in die nag van lewensbeproewing `n bietjie vaak sou word!'

[9] En daarop antwoord Ek: 'My almag kan en mag niks daaraan doen nie, waar dit in My kinders `n vrye lewe moet ontplooi. Daar kan Ekself niemand meer hulp verleen as wat julle mekaar kan gee nie. Ek gee vir julle die landerye, die ploeg, die koring, en Ek stel die maaiers aan; maar werk moet julle dan self! En as julle goed werk en dit julle miskien ontbreek aan die nodige krag, dan weet julle nou reeds dat Ek julle dit altyd sal gee as julle My in julle hart daarom sal vra, en julle sal dan met hernude krag goed kan werk; **maar Ek kan en mag ewig nie vír julle werk nie!** As Ek dit sou doen, sou dit vir die vryheid en selfstandigheid van julle lewe geen nut hê nie; want dan sou julle niks anders as masjiene wees nie, maar ewig geen vrye mense wat selfstandig lewe, dink en handel nie!'

[10] Dit alles moet julle nou tog gewis volkome duidelik laat sien **dat die diens aan mekaar volgens My huidige leer die hoofvoorwaarde van alle lewe is!** – Verstaan dit nou alles goed!"

[11] Cyrenius sê: "Meester, U, die enige Waaragtige tot in ewigheid, niemand is aan U gelyk nie! U woorde is duidelik, hulle is Waarheid en lewe! Ek begin nou eers te lewe, en dit kom my voor asof ek nou eers goed uit `n baie diep slaap gewek is. Soos wat U, o Meester, nou gepraat het, kan maar net `n God en nie `n mens nie, praat, omdat geen mens kan weet wat in hom is en wat hom tot lewe wek nie, en hoe hy die lewe met vrug moet ontwikkel! Ons, o Meester, is nou regstreeks deur U vir ewig goed versorg en bewaar; maar hulle wat ná ons sal kom, sal ondanks alle diensywer miskien wel baie te doen kry met allerlei onkruid op U lande te midde van die heerlikste koring! Wat my betref sal die hel dit egter glad nie so maklik hê om sy onkruid uit te strooi op die landerye wat U ons nou laat sien het nie!

[12] Maar nou sou ek tog ook nog uit U mond wou hoor hoe die hel en sy vors dan invloed het op die mense! Hoe kry hulle hulle onkruid op die hemelse landerye?"

## Gedagtes en hul verwesenliking

**102**(Die Meester:) Ek sê: "Niks is makliker as dit nie! Ek het julle al laat sien hoe elke mens die weg van die wet moet volg om tot vryheid en selfstandigheid van sy bestaan en lewe te kom. As daar egter `n wet bestaan wat die mens asof van buite af gegee word, dan moet daar tog ook `n aandrang in die mens wees om dié wet liewer met gemak en plesier te oortree, as om hom heel streng daaraan te hou. So is deur My, voordat al die stoflike geskape was, geeste in die lewe

geroep. Hoe dit plaasvind, het ek aan julle al so beskryf dat julle dit gewis moes verstaan; want self, as julle iets tot stand bring, hou julle teenswoordig nog aan met geheel dieselfde volgorde.

[2] Eerstens kry jy allerlei gedagtes; daaruit ontwikkel jy dan idees en vorms. As jy eenmaal uit die gedagtes en idees `n bepaalde vorm ontwikkel het, word dit deur die wil om dit te behou, omhul. Sodra dít gebeur het, bly hierdie vorm reeds onverwoesbaar geestelik bestaan, en die beeld daarvan kan jy oproep so dikwels jy dit maar wil. Hoe langer jy egter `n idee wat op dié wyse in jouself gevorm is, al as `n egte voorwerp beskou, des te meer ontwikkel jy `n voorliefde vir die gevormde en geestelik beliggaamde idee; daar ontwaak liefde in jou vir hierdie geestelike vorm. Die liefde daarvoor neem toe, `n vuur brand daarvoor in jou hart, en deur die lewenswarmte, en deur die lig van die liefdesvlam word die idee, wat nou steeds vaster vorms aanneem, meer gedetailleerd, vollediger, mooier en namate dit vollediger word, begin jy steeds meer nuttige toepassings daarvoor te sien, en jou voor te neem om die idee wat nou steeds verder ontwikkel is, uiterlik vorm te gee en toe te pas.

[3] Eerstens maak jy tekeninge op perkament en wel totdat die tekening heeltemal lyk soos die beeld wat reeds volledig in jou gees ontwikkel is. As die tekening heeltemal voldoen aan die beeld in jou gees, pleeg jy oorleg met deskundiges hoe dit gerealiseer kan word. En die deskundiges dink na, verstaan vinnig die saamgestelde idee en sê: ‘Dit is die voorwaardes, soveel jaar het ons nodig en soveel sal dit kos!’ Julle stel dan `n kontrak op, daar word met die werk begin, en `n paar jaar later kan jou idee bekyk, bewonder en gebruik word deur jouself en duisende ander mense.

[4] Kyk, so skep julle jul huise, werktuie, stede, kastele, skepe en nog duisende ander dinge! En op dieselfde wyse skep ook Ek die hemele, die wêrelde en alles wat dit bevat en dra. Natuurlik word vir die skep van `n wêreld meer tyd vereis as wat julle nodig het vir die bou van `n hut, `n huis of iets anders; want julle het die kant en klaar materie al byderhand - maar Ek moet die materie eers skep en dit uit die onveranderlike vastheid van My wil haal.

[5] Ek sou die een of ander materie ook wel oombliklik kon maak, of selfs `n hele leër van wêrelde in `n oogwink kon skep; maar so `n wêreld sou nou juis daarom heel moeilik enige duursaamheid besit, omdat dit vooraf te min deur My gevoed is om algeheel ryp te word. As `n groot idee vir die skep van `n wêreld by My egter voldoende rypgemaak en gevoed is deur My Liefde en Wysheid, sal dit ook steeds meer aan intensiteit toeneem en daardeur steeds duursamer word.

[6] So is dit immers tog ook by julle, terwyl julle al te make het met reeds gevormde materie! `n Huis wat julle desnoods binne `n dag gebou het, sal egter nie `n eeu nie en nog minder `n duisend jaar trotseer! Maar by bouwerke waarvan jy, voor jy daaraan begin werk, eers die idee gedurende ’n redelike lang tyd heeltemal in jou laat ryp word, en daarby eers self deur die refleksie van jou idee steeds helderder voor oë gekry het wat alles daarvoor nodig sal wees om so `n vorm so duursaam en volledig moontlik te realiseer, sal jy ook iets duursaam maak soos die piramides, wat tot op hede reeds, soos wat alle ontwikkelde mense weet, byna tweeduisend jaar staan en alle storms trotseer, en nog meer as vier maal solank sal bly staan, terwyl hulle aan die buitekant nouliks verweer is.

[7] As die Farao’s nie lank genoeg sou nagedink het oor die bou van sulke bouwerke as bewaarplekke vir hul geheime kunste en wetenskappe, wat die tand van tyd gedurende duisende jare nie sou kon verwoes nie, dan sou hierdie piramides nie meer as gedenktekens van die oerboukuns daar gestaan het nie; maar omdat die bouers eers hul idee wat vooraf gevorm en tot `n volledige vorm ontwikkel is, jarelank gevoed het, en op dié manier laat rypword het, is dit ook te verstane waarom hul idee wat in materie omgesit is, nou nog die reisiger met verbasing vervul.

[8] Daarna leer die mense weliswaar om heel vinnig te dink, en kon hulle uit die som van hul gedagtes vinnig `n idee ontwikkel wat dikwels selfs baie ingewikkeld is, en meestal ook gerealiseer word; maar omdat die idee vinnig en nie deeglik ontwikkel word nie, is die realisering daarvan ook vinnig en nie deeglik nie. Die resultaat is daarom egter ook nie deeglik nie, en die te geringe voorafgaande rypwordingsproses van die idee maak dat dit baie verganklik is. Kortom, alles wat maklik is, bly maklik en alles wat moeilik is, bly moeilik!"